

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

#### 1. Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke bestaan uit 'n inleiding, waarin die omvang, metodes, die probleem van ondersoek, enkele begrippe wat veelvuldig in die verhandeling figureer ontleed, en 'n kort historiese oorsig van die ontstaan van die Kliniekskool Loopspruit gegee is. Hierna volg 'n volledige beskrywing van die doel en funksies van die skool, 'n ontleding van die oorsake van gedragsafwykinge, en die besondere behoeftes van gedragsafwykende leerlinge. In die lig hiervan, en deur gebruikmaking van uitsprake van gesaghebbendes op hierdie gebied, is aangetoon dat 'n kliniekskool aan sekere vereistes moet voldoen, wat die norme vir so 'n inrigting stel. Daarna volg die toetsing van die Kliniekskool Loopspruit aan die norme, om die leemtes en voortreflikhede van die inrigting bloot te lê. Vervolgens sal hierdie slothoofstuk bestee word aan 'n samevatting van die voortreflikhede en die leemtes, en, ten einde die Kliniekskool se doeltreffendheid te verhoog, word enkele aanbevelings as riglyne vir die toekoms gemaak. Ten slotte word sekere temas wat verdere studie vereis aangedui.

#### 2. Samevattende evaluering

##### (a) Voortreflikhede van die Kliniekskool Loopspruit

- (i) Die Kliniekskool aanvaar die Christelike grondslag, dat alles uit, deur en tot God is, dat die pasiënte kinders van God is, en dat Hy onderwysers as instrumente in Sy diens gebruik om die pasiënte na Hom te lei. Hiermee voldoen die Kliniekskool Loopspruit op voortreflike wyse aan die Christelike lewensbeskouing met sy neerslag op die opvoedingsbeskouing- en -doel-eindes, sodat die opvoeding noodwendig heenlei en heenwys na Bo, en dus Godgerig is. Dit voldoen beslis aan die eise betreffende die Christelike opvoedingsdoel vir die verbondskinders van die Kliniekskool<sup>1)</sup>. Dit is naamlik duidelik dat die uiteindelijke, religieuse opvoedingsdoel bepalend is vir, en ooreenstemmende rigting gee aan die verwyderde en die onmiddellike opvoedingsdoeleindes van die Kliniekskool. Hierdie skool poog om in

---

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(a).

alle opsigte op te voed tot herstel, tot kennis van liefde vir, en die eer van God, en tot voordeel van die volk, want dit beoog die genees, rehabilitasie, heropvoeding, vorming en ontwikkeling van elke faset van die wordende persoonlikheid van die gedragsafwykende kind deur remediële behandeling en opvoeding, ten einde ook hierdie kinders te red vir gesin, skool, volk en vaderland, en ook hulle as mense van God toe te rus vir alle goeie werke.

- (ii) Die opvoedingsdoeleindes van die Kliniekskool bepaal ook die aard van die inhoud. Die kurrikulum sluit die nodige religieuse en sekulêre vakke in; die sillabusse en vakkeuse stem ooreen met dié van die gewone skool, so dat die skoolloopbaan by desertifisering ononderbroke voortgesit kan word; en die groot verskeidenheid buiteskoolse aktiwiteite staan in diens van opvoeding en terapie. Die kurrikulum voldoen derhalwe aan alle kriteria<sup>1)</sup>.
- (iii) Die hele benadering van behandeling aan die Kliniekskool voldoen aan die vereistes dat dit primêr sielkundig en gerig op die verwydering en herstel van gedragsafwykinge moet wees, terwyl die skolastiese aanpassing in die Kliniekskool 'n sekondêre plek inneem; dat remediële behandeling moet volg op sorgvuldige diagnostisering; dat die terapie moet plaasvind in 'n atmosfeer van geborgenheid in 'n klinies-sielkundige internaat van 24 uur daaglik; dat psigoterapeutiese behandeling gesinkroniseer moet wees met skolastiese remediëring; dat individualisering, sover as wat doenlik is, moet plaasvind; en dat klasonderwys in die primêre, en vakonderwys in die sekondêre afdeling, moet geskied. Dit is uit die persentasie suksesse wat met die behandeling bereik word<sup>2)</sup> en uit die toetsing aan die norme<sup>3)</sup> duidelik dat die Kliniekskool in 'n besondere mate voldoen aan die eise gestel aan die metode van onderwys en terapie.
- (iv) Volgens die beskikbare gegewens voldoen die tug aan die Kliniekskool terdeë aan die gestelde norme<sup>4)</sup>. Die tug is nl. gebaseer op die Christelike beginsel van verleende gesag, wat tot eer van, en in verantwoordelikheid aan God, en tot voordeel van die hulpbehoewende kind toegepas word. Die hoë persentasie suksesvolle rehabilitasies dui onmiskenbaar daarop dat die tug in die Kliniekskool in 'n besondere mate uitloop op selftug, mee-

---

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(b).

2. Vgl. hoofstuk 2, tabel 5.

3. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(c).

4. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(d).

help om die afgedwaaldes na die regte pad terug te bring, en om te voorkom dat die pad byster geraak word.

Dat die beginsels vir, en die toepassing van tug, aan die Kliniekskool kerngesond is, spreek voorts duidelik uit die goeie orde wat in die daaglikse roetine in die skool, die koshuise, die eetsaal en orals op die sportgronde heers. Die kinders is gelukkig, en die orde in hulle geleedere is die klaarblyklike vrug van die behandeling wat hulle ontvang.

- (v) Die stelsel van evaluering, met sy komponente van eksaminering, meting, waarneming (observasie) in die hele terapeutiese situasie en gesamentlike beoordeling, soos die Kliniekskool dit toepas, is noodsaaklik, inderdaad voortreflik, en voldoen aan die gestelde vereistes<sup>1)</sup>. Dit vorm nl. 'n verantwoorde grondslag vir diagnostisering en remediëring op klinies-sielkundige en skolastiese vlak.

Maar, vanweë die grondige en wetenskaplik-verantwoordbare evaluering kan geldige aanbevelings t.a.v. desertifisering gemaak word. Desertifisering geskied volgens die prosedure deur die Transvaalse Onderwysdepartement voorgeskryf, en die voortreflikheid van die Kliniekskool se evaluering blyk daaruit dat die sukses met rehabilitasie en desertifisering van leerlinge in die Kliniekskool op 75% plus, gestel word.

- (vi) Die onderwyspersoneel bestaan uit mans en dames, wat almal opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers is<sup>2)</sup>. Enkeles beskik oor akademiese grade met een of meer kursusse in sielkunde<sup>3)</sup>. Alle onderwysers het 'n aandeel in remediërende onderwys, en tree op as onderwyserterapeute. Sover moontlik woon die onderwyspersoneel in die skoolkoshuise of in departementele huise op die skoolterrein.
- (vii) Drie lede van die onderwyspersoneel is in die besonder belas met toesig oor die nagtelike gedrag van die leerlinge. Die gegewens omtrent hierdie gedrag van leerlinge is van groot waarde vir die sielkundiges.
- (viii) Die hoof van die Kliniekskool is professioneel opgelei, en geskool deur rype ervaring om die personeel te versorg, en, om selfs vir alle nuwe onderwysers 'n soort van indiensopleiding te gee d.m.v. klasbesoek, leiding,

---

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(e).

2. Vgl. Tabel 6 en hfst. 5, par. 2(f).

3. Ibid.

hulp, demonstrasie, en besprekinge om hulle ingeskakel te kry by die skoolroetine. Die hoof volbring sy roeping op voortreflike wyse. Hy is inderdaad die hoof, leier, raadgewer en geestelike vader.

- (ix) Die hoof word op bekwame wyse bygestaan deur die visehoof wat in alle opsigte sy regterhand is.
- (x) Ook die stelsel van voldoende seniorposte in die laer- en hoërafdeling van die Kliniekskool is 'n lofwaardige instelling, wat daartoe bydra om die beste personeel vir die skool te kry en te behou, en in 'n sekere sin die taak van die hoof verlig, bv. ten opsigte van leiding en kontrole van nasienwerk en voorbereiding.
- (xi) Die onderwysers en onderwyseresse van hout- en metaalwerk, huishoudkonde-naaldwerk en liggaamlike opvoeding respektiewelik, lewer onmisbare en voortreflike dienste in die Kliniekskool, waar arbeidsterapie en sport en ontspanning noodsaaklike komponente van opvoeding en psigoterapie is.
- (xii) Die reëling dat die Kliniekskool 'n eie postestruktuur, salarisskaal en skoolgradering het, voldoen ten volle aan die gestelde eise.
- (xiii) Die drie sielkundiges van die Kliniekskool lewer voortreflike diens. Hulle is almal gekwalifiseerde onderwysers met akademiese grade, en nagraadse kwalifikasies in sielkunde of kliniese sielkunde. Almal is hooggespesialiseerde vakkundiges met baie ervaring, en is geregistreerde sielkundiges. Netsoos in die geval met die hoof, is die sielkundige die vader- of moederfiguur.

By die hele proses van diagnostisering, remediëring, psigoterapie en skoollastiese aanpassing tot rehabilitering en desertifisering, vervul die sielkundiges 'n leidende rol, en is hulle onmisbaar in die Kliniekskool Loopspruit. Die sielkundiges se skakeling en samewerking met die psigiater, onder wie se leiding hulle werk, is van die allerbeste. Vir administratiewe doeleindes skakel die sielkundiges met die skoolhoof, terwyl hulle samewerking met laasgenoemde in die pedagogiese opset harmonies, openhartig en baie goed is. Noodsaaklikerwys woon hulle, sover moontlik, op die skoolterrein in departementele huise.

- (xiv) Die assistent-sielkundiges verrig noodsaaklike en waardevolle diens in die voorlopige diagnostisering en behandeling tot en met verwysing van leerlinge, na die Kliniekskool. Hulle voorsien alle aanvangsgegewens aan die genoemde skool. Alle assistent-sielkundiges is opgeleide onderwysers

wat beskik oor 'n akademiese graad waarvan een hoofvak sielkunde is, met 'n kursus of meer in maatskaplike werk of sosiologie. Hulle besoek die Kliniekskool een keer per maand en vorm die belangrikste skakel tussen hierdie skool, en die kind se ouerhuis wat hulle trag om, waar nodig, te hervorm. Hierin koördineer hulle die dienste en hulp van maatskaplike werkers, proefbeampies, predikante, skoolverpleegsters ens. Dit is 'n baie goeie reëling dat assistent-sielkundiges nie aan skole verbonde is nie, maar losgemaak is van skoolverpligtinge en voorsien is van amptelike voertuie om gevalle te ondersoek en te behandel, of om reëlings te tref vir hulle behandeling.

- (xv) Die huisvaders in die koshuise is almal onderwysers wat optree as plaasvervangende ouers. Hulle verstaan hierdie tipe kinders en kan hulle in liefde lei en help. Hulle vorm 'n onmisbare skakel in die werksaamhede van die skool, want die klem val in die koshuise op opvoeding, heropvoeding en rehabilitasie. Sover dit kondisionering betref, word streng gelet op die inskerping van die basiese deugde wat in die koshuisreëls vervat is en wat uitloop op selfbeheersing, selfverbetering, goeie gedrag en gehoorsaamheid. Saam met die skoollewe vorm die koshuislewe 'n twee-eenheid wat as 'n dinamiese geheel funksioneer, en waarin elke kind die aktiewe element is, maar wat gelei, gevorm, geleer en opgevoed moet word.
- (xvi) 'n Voldoende en geskikte matrone, en assistent-matrones, word voorsien met die oog op doeltreffende voeding en kleding van die kinders, en die netheid van die koshuise. Hulle het ook 'n aandeel in die arbeidsterapie, veral by die meisies.
- (xvii) Die twee ten volle gekwalifiseerde verpleegsters voldoen in alle opsigte aan die gestelde eise.
- (xviii) Die verpleging word aangevul deur vrylik beskikbare en doeltreffende geneeskundige-, tandheelkundige en skoolgesondheidsdienste, wat absoluut onmisbaar is aan die Kliniekskool, omdat die kinders maar te dikwels wil skuil agter gewaande kwale, of selfs die soek na 'n bietjie simpatie deur persoonlike aandag. In die besonder moet vermeld word dat goedgesinde medici dikwels gratis geneeskundige behandeling aan pasiënte van die Kliniekskool lewer.
- (xix) Die skool beskik oor 'n bekwame faktotum, belas met algemene herstelwerk en die afhandeling van kleinere werke.

- (xx) Die skool beskik oor voldoende administratiewe personeel, nl. vier gekwalifiseerde tiksters - twee voltydse (1 senior tiksterklerk en 1 tiksterklerk) tiksterklerke, en twee deeltydse tiksters, wat die hoof se administratiewe pligte op bekwame wyse verlig.
- (xxi) Die Kliniekskool voldoen aan die vereiste dat die personeelvoorsiening bereken moet word volgens die leerlingtal op die tiende dag van die vierde skoolkwartaal. Sodoende word kontinuïteit van personeel vir die volgende jaar verseker.
- (xxii) Die skoolgebouekompleks voldoen bevredigend aan die vereistes. Dit bestaan uit 'n administratiewe blok met die nodige kantore, personeelkamer, voorraadkamers, biblioteek en toilette. Al die laboratoria, klaslokale, sentrums, kleedkamers vir seuns en meisies, en die skoolsaal is goed toegerus, en gerieflik verbind met stoepe en onderdak.
- (xxiii) Die gronde van die Kliniekskool is naastenby van ideale grootte nl. 50 morge, en dit lê geografies na aan Potchefstroom wat die vereiste fasiliteite bied - (ook 'n psigiater), weg van die groter stede, langs 'n hoofspoorlyn en 'n teerpad na Vereeniging<sup>1</sup>). Die plaasomgewing en natuurskoon is ideaal, rustig en stil. Daar is 'n besproeiingsdam om die landerye van leiwatert te voorsien, indien dit beskikbaar is. Die skool-, koshuise-, woonhuiskomplekse, sportvelde en ander terreine, beslaan sowat 15 morge, wat voldoende is. Die skoolterrein en -tuinversiering geniet baie aandag, want ook die skoonheid en ruimte van die natuurlike omgewing het terapeutiese waarde.
- (xxiv) Die Kliniekskool se finansies word volgens die norme geadministreer<sup>2</sup>). Die boekhouding van die skool, koshuise en boerdery se bestedings en toevallings geskied afsonderlik. Die skool ontvang jaarliks R800 van die departement vir gebruik as skoolfonds, aangesien die Kliniekskool nie soos ander skole 'n eie skoolfonds kan opbou nie. Verder het die Kliniekskool 'n skoolbus van die onderwysdepartement ontvang vir die vervoer van sy leerlinge. Sodanige voertuig is essensieel in die geval van 'n Kliniekskool wat nie in 'n dorp geleë is nie, aangesien dit onontbeerlik is vir die onderneem van opvoedkundige toere en vervoer van sportspanne en van groepe leerlinge na uitvoerings en konserte in die omringende sentra. Die Kliniekskool vergoed die Departement teen betaling van 'n vasgestelde tarief

---

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(i).

2. Kyk hoofstuk 2 en hfst. 5, par. 2(j).

per myl. Verder moet die Kliniekskool uit eie fondse betaal vir die onderhoud en instandhouding van die skoolbus.

Die Kliniekskool stel jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar die vereiste geouditeerde balansstate volgens departementele regulasies op, ter voorlegging aan die betrokke instansies.

- (xxv) Die beheer van die Kliniekskool Loopspruit voldoen aan al die gestelde eise<sup>1)</sup>: Die Adviesraad dien op geslaagde wyse as skakel tussen hoof; departement; en die skoolraad. Die Adviesraad is ook toegerus om by te dra tot die uitbouing van die skool omdat dit bestaan uit vakkundiges met gespesialiseerde kennis op verskillende terreine, soos duidelik blyk uit die Memorandum wat die Adviesraad in 1963 opgestel het, en waarin 'n agttiental aanbevelings vir doeltreffender funksionering van die Kliniekskool gemaak is. Tot op datum is uitvoering reeds aan die meeste van hierdie aanbevelings gegee.
- (xxvi) Dit is duidelik dat die rehabilitasieprogram en die uitvoering daarvan aan die gestelde eise voldoen, en dat 'n besondere mate van sukses daarmee behaal word<sup>2)</sup>. Hiervan getuig die beskikbare inspeksierapporte en die hoë persentasie suksesvolle rehabilitasies wat reeds aangeteken is.
- (xxvii) Die koshuisinrigting en -organisasie, met sy groot eenhede en kleiner huiseenhede, vorm 'n belangrike skakel in die hele proses van heropvoeding van leerlinge onder toesig van huisvaders en -moeders. Dit lewer 'n voortreflike bydrae tot die rehabilitasie van die kinders. Die koshuislewe bied geleentheid vir bevordering van sosiale aanpassing, selfrealisasie, kondisionering, selfwerkzaamheid, tug, orde en netheid. In hierdie opsig speel die goeie voorbeeld van diensdoende onderwysers en ander koshuispersoneel 'n belangrike rol. Die koshuise voorsien inderdaad in die basiese behoeftes van die leerlinge - genoeg smaaklike en geskikte voedsel; sekuriteit; 'n woning; ruimte; netjiese beddens met skoon linne; lewensmiddele; en 'n atmosfeer van geborgenheid word voorsien.

Vanweë die hoë mate van slytasie op koshuistoerusting (veral beddegoed en linne), wat gewyt word aan vernielsug by hierdie kinders, kom die Departement dié skool in 'n besondere mate tegemoet, deur goed gemotiveerde aansoeke om vervangings, simpatiek en volgens meriete te oorweeg.

- 
1. Kyk hoofstuk 2 en hfst. 5, par. 2(k)
  2. Kyk hoofstuk 5, par. 2(n).

(b) Leemtes en aanbevelings ter verbetering van die Kliniekskool Loopspruit

Veranderende omstandighede in die samelewing, en veral in sekere stedelike omgewings waaruit by benadering die meeste gedragsafwykende leerlinge kom, het in die afgelope aantal jare daartoe gelei dat die besondere behoeftes van dié kinders waarvoor die Kliniekskool ingestel is, onder die vergrootglas geplaas word, en dat daaroor besin is. Dit het uitgeloop op die sogenaamde 18 aanbevelings in die Memorandum van die Adviesraad. Alhoewel uitvoering gegee is aan die meeste hiervan, het sekere fasette van die aanbevelings agterwêë gebly. Dit is opmerklik dat die leemtes, wat vervolgens hieronder saamgevat is, ten nouste verband hou met daardie aanbevelings wat nie ten uitvoer gebring is nie, te wete:

(i) Die personeel

- 1) Dit is per slot van rekening die onderwysers - en die terapeute - wat die sukses al dan nie, van die Kliniekskool Loopspruit bepaal. Dit val egter op dat die Kliniekskool juis in hierdie opsig 'n leemte vertoon nl. dat van sy onderwyspersoneel nie ten volle gekwalifiseerd is om die gespesialiseerde opvoeding wat die skool vereis, te gee nie<sup>1)</sup>. Hierdie belangrike leemte raak die opleiding van onderwysers(-esse) wat volgens aanleg, die behoefte aanvoel, en begerig is om vir gedragsafwykende kinders met normale en bonormale intelligensie, skool te hou. Sulke ten volle opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers moet 'n omvattender, breër en dieper gespesialiseerde en gerigte opleiding ontvang, waardeur hulle beslis 'n groot bydrae kan lewer tot die beste voordeel van die leerlinge van 'n kliniekskool.

Die ervaring in die praktyk dui daarop dat die volgende, in breë trekke, behoort te dien as riglyne vir die opleiding van onderwysers vir gedragsafwykendes: Vir die akademiese graad moet sielkunde en 'n erkende skoolvak as hoofvakke geneem word, en verder behoort een of meer kursusse in maatskaplike werk en sosiologie 'n vereiste te wees. Hierby aansluitend moet die professionele opleiding ook insluit 'n studie van die gedragsafwykende leerlinge, die aard van 'n kliniekskool in 'n kosskoolsituasie, en vir remediërende onderwys. Tydens die professionele opleiding moet aspirant-onderwysers, o.m., aan 'n kli-

---

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(f)(vi) en tabel 6.



niekskool hospiteer, en by benoëming vir 'n vakature moet 'n proeftydperk van 6 maande gestel word, waarna so iemand op advies van die skoolhoof kan besluit of hy 'n permanente aanstelling wil aanvaar, al dan nie. In lg. geval verlaat 'n onderwyser die skool en aanvaar 'n gewone pos elders.

Indien die Kliniekskool Loopspruit sodanige opgeleide onderwysers in diens kan neem, sal dit nie net tot voordeel en geluk van die onderwysers self wees nie, maar die skoolhoof se taak t.o.v. 'n intensiewe in-diensopleiding vir nuwe (en ook ander) onderwysers sal aansienlik verlig word. Hierdeur sal die hoof ook meer tyd tot sy beskikking hê om hom toe te lê op sy professionele roeping soos, bv. om meer met die kinders in kontak te kom.

- 2) Dit blyk dat al die skoolsielkundiges en onderwysers, om verskillende redes, nie op die skoolterrein inwoon nie<sup>1)</sup>. Vergunning vir nie-inwoning moet slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toegestaan word, en die Departement moet voortdurend voldoende huisvesting vir die volle personeel voorsien.
- 3) 'n Verdere leemte van die Kliniekskool Loopspruit is daarin geleë dat onderwysers heel dikwels leerlinge wat wegloop met behulp van hulle privaat motorvoertuie moet gaan soek.

Sodanige onderwysers het tans geen aanspraak op volledige vergoeding vir die gebruik van hulle voertuie nie, en is ook nie van owerheidsweë gedek vir eise wat as gevolg van ongelukke teen hulle ingestel kan word nie. Genoemde soektogte vind dikwels snags plaas en kan lank duur, sodat die gesinne van die betrokke onderwysers onbeskermd tuis gelaat word<sup>2)</sup>.

Dit is noodsaaklik dat die Onderwysdepartement onverwyld die nodige regulasies opstel t.o.v. billike vergoeding vir die gebruik van privaat motorvoertuie by die soek van weglopers, asook assuransiedekking van onderwysers wat sodanige togte onderneem, en sekuriteitsmaatreëls vir die gesinne van sodanige onderwysers.

- 4) Die Kliniekskool vertoon 'n besondere leemte in die gesagsverhouding van die hoof en die skoolsielkundiges. Die sielkundiges ressorteer nl. slegs administratief onder die skoolhoof. Om die taak van die Kliniekskool te volbring, moet alle werksaamhede ten volle geïntegreer wees. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die skoolhoof ook volle gesag oor die sielkundiges wat aan die skool verbonde is, moet verkry.
- 5) In weerwil van die voortreflike diens wat in vele opsigte deur die assistent-

1. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(f)(vi) en (xiii).

2. Vgl. hoofstuk 5, par. 2(g)(viii).

sielkundiges gelewer word, laat die samewerking tussen die assistent-sielkundiges in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, en die proefbeamptes in diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, soms heelwat te wense oor. Dit is beslis noodsaaklik dat duidelikheid van die betrokke owerhede verkry moet word, in verband met die vertolking en toepassing van die Wet op Spesiale Onderwys (Wet No. 9, (1948) S.A. soos gewysig deur Wet No. 15 van 1951), en veral t.o.v. die verwysing van gedragsafwykende leerlinge en hulle behandeling deur die assistent-sielkundiges. Ook moet duidelikheid verkry word oor die onderskeie funksies van die assistent-sielkundiges en die proefbeamptes in die geval van gesertifiseerdes. Hoewel hierdie leemte die Kliniekskool nie direk raak nie, besoek die assistent-sielkundiges die skool een keer per maand, en is derhalwe indirek aan die skool verbonde. Dit is derhalwe nie onvanpas om dié probleem langs hierdie weg te stel om tot 'n oplossing daarvan te kom nie.

- 6) Dit blyk dat die skool nie oor sy volle kwota sielkundiges, nl. een vir iedere 50 leerlinge beskik nie<sup>1)</sup>. Die nodige benoeming moet gemaak word.
- 7) 'n Verdere leemte is dat vakante poste aan die Kliniekskool geadverteer word onder die opskrif: "Spesiale Skole". Dit is verwarrend, want dit skep die indruk dat die onderwysers met verstandelik vertraagde leerlinge moet werk. Die Kliniekskool Loopspruit is 'n eiesoortige inrigting, en vanweë hierdie feit moet vakatures onder 'n eie hoof, te wete "Skole vir gedragsafwykende leerlinge" geadverteer word.
- 8) Die Kliniekskool voldoen nie aan die vereiste dat die hoër en laer afdelings geskei moet wees nie. Verlaag by gedragsafwykendes lewer die intieme saamwoon van laerskoolkinders en adolessente soms ernstige probleme op<sup>2)</sup>. Die Kliniekskool moet derhalwe in 'n hoërkliniekskool, en 'n laerkliniekskool verdeel word, wat as selfstandige inrigtings moet funksioneer.
- 9) Daar dien op gelet te word dat, indien leerlinge tot op 21-jarige leeftyd gesertifiseer bly, voorsiening vir vak- of ander beroepsgerigte onderwys gemaak sal moet word. Die nodige personeel en fasiliteite sal hiervoor voorsien moet word<sup>3)</sup>.
- 10) Die skool beskik tans nie oor 'n geskikte lokaal vir binnenshuise liggaamlike opvoeding nie. 'n Goed toegeruste lokaal behoort onverwyld voorsien te word<sup>4)</sup>.

---

1. Kyk hoofstuk 5, par. 2(f)(ix).
2. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(vi) en 2(h).
3. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(ii).
4. Ibid., par. 2(f)(vii).

(ii) Die administrasie

- 1) Die Kliniekskool gaan gebuk onder die leemte dat verstandelik afwykende leerlinge nog steeds gesertifiseer word vir toelating tot die Kliniekskool. Hierdie leerlinge hoort beslis nie daar nie, omdat hulle uiters langsaam, en in baie gevalle slegs in 'n geringe mate, of glad nie, gerehabiliteer kan word nie.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat kriteria vir nie-toelating streng toegepas word, te wete: leerlinge wat ernstige persoonlikheidsprobleme openbaar, en wat emosioneel agterlik is; leerlinge wat verstandelik subnormaal is, d.w.s. 'n I.K. van minder as 75 het, en wat in spesiale skole tuishoort; en leerlinge wat psigotiese, psigopatiese en epileptiese neigings toon<sup>1)</sup>.

- 2) 'n Verdere leemte staan in verband met die feit dat gedragsafwykende leerlinge met normale en bo-normale intelligensie, tot op 21-jarige ouderdom in die Kliniekskool mag vertoef vir rehabilitasie. Uit onderhoude met die hoof, is dit baie duidelik dat die fasiliteite en personeel vir beroepsopleiding van sodanige jeugdige tans ontbreek. Daar moet dadelik die nodige voorsiening gemaak word vir opleiding in enkele tegniese beroepsrigtings, met die nodige werkswinkels, toerusting en personeel.

(iii) Die geboue en toerusting

- 1) Die leerlinge van die Kliniekskool het nie 'n snoepwinkellokaal nie. Die leerlinge wat nie die dorpsgeriewe tot hulle beskikking het nie, het 'n wesenlike behoefte aan 'n snoepwinkel waar ook ander alledaagse benodigdhede verkry kan word. Sodanige winkel kan ook 'n geringe inkomste vir die skool meebring. Die personeel kan die administrasie van die snoepwinkel behartig.
- 2) Daar ontstaan van tyd tot tyd tekorte aan noodsaaklike materiale vir die beoefening van arbeidsterapie. Sowel die skool as die Departement moet alles in hulle vermoë doen om vertraging in die voorsiening van sodanige materiaal uit te skakel. Die Kliniekskool het voorts 'n uiters dringende behoefte aan voldoende, geskikte lokale, waar liefhebberye en stokperdjies beoefen kan word met die oog op konstruktiewe vryetydsbesteding en arbeidsterapie.
- 3) Die Kliniekskool beskik nie oor voldoende klinieke nie. Dit is noodsaaklik dat die verdere 2 ten volle toegeruste klinieke wat reeds be-

---

1. Vgl. hoofstuk 4, par. 2(g)(ii).

plan is, onmiddellik voorsien word sodat fasiliteite vir behandeling van 250 leerlinge geskep kan word<sup>1)</sup>.

- 4) Die groot koshuiseenheid vir seuns het die leemte dat dit nie daartoe bydra om 'n huislike atmosfeer te skep met die nodige privaatheid vir die ouer gedragsafwykende seuns nie. Aangesien die klem op heropvoeding en rehabilitasie in die koshuise val, moet die nodige voorsiening gemaak word om in hierdie behoefte van die ouer seuns te voorsien<sup>2)</sup>.
- 5) Die Kliniekskool het behoefte aan 'n moderne en goedtoegeruste washuis, wat nader aan die koshuise opgerig moet word, sodat die matrone toesig kan hou en kontrole kan uitoefen. Hierdie washuis moet ook 'n werkkamer insluit met vakkies waarin die meisies hulle klere, lap- en stopgoed kan bêre. So 'n werkkamer kan o.m. 'n bydrae lewer tot arbeidsterapie by die meisies. Die washuis moet verder ook 'n kleremakersvertrek insluit vir die maak, herstel en bergplek van klere. Die bestaande washuis kan omskep en benut word vir iets anders, soos bv. lokale vir beoefening van stokperdjies<sup>3)</sup>.
- 6) Die woonhuisvoorsiening aan die personeel, en by name veral die hoof, voldoen in heelwat opsigte nie aan die vereistes van veral ruimte en gerief nie. Die woonhuis van die hoof moet 'n vertoonvenster na buite wees, vanweë die feit dat hy talle hoogwaardigheidsbekleërs en besoekers moet ontvang. Die Departement moet ook toesien dat die voorsiening van woonhuise of ander inwoningsgeriewe steeds tred hou met personeeluitbreiding, aangesien dit noodsaaklik is dat die volle personeel vir 24 uur per dag beskikbaar moet wees.

(iv) Die gronde<sup>4)</sup>

- 1) Vanweë sy afgesonderde ligging en groot boerdery is die Kliniekskool besonder afhanklik van watervoorrade. Die plaasproduksie ly soms skade as gevolg van droogtes, en die rantsoenering van besproeiingswater uit die Klipdriftdam. Die toestand kan verbeter word deur watervoorsiening uit meer boorgate, wat tegelyk ook kan bydra tot steeds groter verfraaiing van die skooltuine en verbetering van sportgronde. Sodoende kan die terapeutiese klimaat ook verder verbeter word.

---

1. Kyk hoofstuk 5, par. 2(h).  
 2. Vgl. hoofstuk 5, par. (m) 8).  
 3. Ibid., par. 2(h).  
 4. Ibid. (i).

- 2) Die Kliniekskool ondervind 'n tekort aan plaasimplemente. Aangesien die boerdery 'n daadwerklike bydrae lewer tot die verlaging van die eenheidskoste in die koshuise, en tot terapie, moet die Kliniekskool 'n ruim toelae van die Departement ontvang vir die aankoop en onderhoud van sodanige implemente.
- 3) Alhoewel die sportterrein van die Kliniekskool bevredigend beplan en uitgelê is, moet die aantal sportvelde steeds uitgebrei word sodat alle leerlinge na eie keuse aan die verskillende sportsoorte kan deelneem.
- 4) 'n Pawiljoen is egter ook nodig omdat die leerlinge ook moet leer hoe om hulle as toeskouers te gedra, en om hulle tot groepsgebondenheid en -trots te stimuleer.
- 5) Die swembad voldoen in 'n noodsaaklike behoefte van die kinders, maar dit moet omhein word om die nodige beheer daaroor, en privaathed van die afsonderlike seuns- en dogtersgroepe te verseker. Kleedkamers is 'n behoefte waarin voorsien moet word, sodat die uit- en aantrek daarin by die swembad, voor en na swem, gedoen kan word.

(v) Die finansies

- 1) Soos reeds aangedui is<sup>1)</sup>, kan die Kliniekskool nie 'n eie skoolfonds soos 'n gewone skool opbou nie. Die Onderwysdepartement skenk derhalwe R800 per jaar aan die Kliniekskool, wat vanaf 1970 hopelik tot R1,000 per jaar verhoog gaan word. Hierdie geld word grotendeels bestee aan die voorsiening van 'n uniforme skooldrag (skoene uitgesluit) wat noodsaaklik is om onderlinge diskriminasie en spanninge tussen leerlinge uit te skakel. Vanweë die voortdurende erosie van geldwaarde sal selfs die bedrag van R1,000 per jaar onvoldoende wees. Dit behoort vermeerder te word tot R2,000 per jaar, en daarna behoort dit van tyd tot tyd aangepas te word by veranderende omstandighede.

Uit die verhoogde toewysing sal dit hopelik moontlik wees om ook die nodige reisgeld en sakgeld te vind vir leerlinge wat vir vakansies huis toe mag gaan, en ook ander dingetjies wat gekoop kan word, maar wat die ouers nie kan of wil bekostig nie.

Dit moet egter benadruk word dat die Kliniekskool steeds trag om die ouer op te voed tot nakoming van sy doopbelofte en tot aanvaarding van alle verantwoordelikhede vir sy kind. Maar omdat die skool juis soms met probleemouers te doen het van wie die Departement die kinders wegneem, en

---

1. Kyk hoofstuk 5, par. 2(j).

sertifiseer, op grond van wetgewing, moet die Departement die volle verantwoordelikheid vir versorging aanvaar, tydens verblyf, tot desertifisering van die gedragsafwykende kinders in die Kliniekskool.

- 2) 'n Verdere geldelike las wat die Kliniekskool moet dra en wat sy werksaamhede strem, staan in verband met die gebruik van die Departementele skoolbus. Hierdie voertuig is onontbeerlik, maar die Kliniekskool moet volgens 'n vasgestelde tarief vir die gebruik van die bus betaal. Die Departement moet die brandstof gratis voorsien, die skool die busbestuurder-onderwyser, die Departement moet vooraf toestemming vir reise verleen, die skool moet rekenskap gee van die mylafstande afgelê, en die Departement moet verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding en versekering van die skoolbus.

(vi) Algemeen

Dit is bekend dat negatiewe dinge soms van hierdie inrigting gesê word. Sodanige opmerkings lei daartoe dat 'n stigma op die Kliniekskool geplaas kan word. Dit is noodsaaklik dat veral die onderwysprofessie kennis moet neem van die voortreflike arbeid wat aldaar verrig word. Aspirant-onderwysers in opleidingsinrigtings behoort op georganiseerde wyse besoeke aan die Kliniekskool Loopspruit af te lê, om eerstehandse kennis op te doen, en waardering te verkry vir wat daar gedoen word. Vanaf die stigting van die Kliniekskool tot aan die einde van 1967 is, na raming, ongeveer 75%, of meer as 1,900 leerlinge gered uit 'n totaal van sowat 2,544 gedesertifiseerdes.

3. Slotbeskouing

In die lig van die bevindinge, wat tot dusver met die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit bereik is, kan die volgende wetenskaplik verantwoorde stellings gemaak word:-

- (a) Die Kliniekskool het jare gelede reeds die eksperimentele stadium ontgroei;
- (b) dit funksioneer volwaardig as 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie, en behaal beslis puik prestasies;
- (c) indien die aangeduide leemtes uitgeskakel word kan die doeltreffendheid daarvan moontlik veel verder verhoog word; en
- (d) deurdat die Kliniekskool Loopspruit enig van sy soort in die wêreld is, sal daar steeds probleme en uitdagings wees vir verdere studie en navorsing. Voorbeelde hiervan is o.m.: die samestelling van 'n kursus vir die

opleiding van gedragsafwykende leerlinge, die besondere leerprobleme, deeglike opvolging van gedesertifiseerdes oor 'n lang tydperk, die verband tussen huislike omstandighede en die sukses, al dan nie, van gedesertifiseerdes, en voortdurende herevaluering van die terapie ensovoorts. Hiermee is die laaste woord oor 'n kliniekskool ook nog nie gespreek nie.

Die ontwikkelingsgang van die Kliniekskool Loopspruit getuig van geloof, volharding, diepgaande besinning en roepingsvervulling. Die sukses wat reeds aldaar behaal is vervul mens met hoop vir die toekoms wat moontlik 'n toenemende aantal ontspoordes gaan oplewer. Waar daar moontlik meer sulke skole nodig mag word, word die hoop uitgespreek dat die ervaring met, en die aangeduide leemtes en voortreflikhede van die Kliniekskool, as rig-snoer vir die toekoms sal dien. Skole soos hierdie word gedra deur diepgaande kennis, hoop, geloof en onbaatsugtige diens, maar veral deur die liefde tot die naaste en tot God.